# RIULWAARDE

**RUILNOMMERS.** „Tydskrif vir Letterkunde," onder redaksie van C. M. v.d. Heever, Abel J. Coetzee e.a., vervang die „Skrywerskringjaarboek" as tydskrif. Dit sal 'n kwartaalblad wees en kos 15/- by prof. A. J. Coetzee, posbus 1176, Johannesburg. As orgaan waarin literêre bydrae gepubliseer sal word, moet dit dan ook aan literêr-estetiese eise voldoen. Die uiterlike is in alle geval kunssinnig: die band is sierlik, die papier mooi, die hele afwerking puik. In sy geheel geneem is die bydraes op peil: daar is gedigte van Totius, Van den Heever, Malherbe, Uys Krige; kort verhale van van Bruggen, Sannie Uys, W. van der Berg, W. A. de Klerk, S. J. Pretorius; twee artikels deur G. A. Watermeyer en H. M. van der Westhuizen; en die onmisbare boekelys deur P. J. Nienaber. Ek wil die tydskrif van harte aanbeveel by ons lesers en die hoop uitspreek dat dit veel sal bydra tot die verdere vorming en ontwikkeling van ons Afrikaanse letterkunde. Die redaksie sal egter moet waak teen die opname van tweederangse bydraes.

* * *

**KERK EN GODSDIENS.** Skraal is die oes hier. Die vraagstuk van ekumenisiteit word mooi bespreek in „Die Geref. Vaandel" (Des. '50) en in „The Calvin Forum" (Maart). 'n Besonder grondige studie van P. A. Verhoef oor die teks van die Ou Testament verskyn ook in dié „Vaandel." J. P. Jooste ondersoek ons beroepstelsel (van predikante) en „Die Kerkblad" (9 en 23 Febr. en 23 Maart) en S. du Toit bespreek die vernuwing van ons kerk (23 Maart, „Die Kerkblad"), na aanleiding o.a. van J. Dreyer se „Keerpunt in die N.H.K." in „Die Hervormer" (Maart). Die ondertekeningseis vir predikante van die Drie Formuliere word in „Die Hervormer" breedvoeriger beredeneer (Feb. Mrt.). E. A. Venter skryf in „Die Kerkbode" oor evangelisasie-metodes (7 en 28 Febr.) en G. L. Loots ook daar (21 en 28 Febr.) oor die doop as bondseël. Die redaksie van „Die Kerkbode" (21 Febr.) handel oor katkisasie-aksie in Suid-Afrika.

* * *

**MAATSKAPPY EN WETENSKAP EN KUNS.** Besonder waardevol is twee artikels oor die aanvaarbare film deur D. Hendrikse in "Bezinning" (Jan., Feb.) S. J. v.d. Walt gaan in „Ons Kleintjie" (Feb., Maart) voort met sy studie oor segregasie, terwyl „Calvin Forum" (Jan.) 'n mooi simposium het oor kapitalisme of sosialisme. In „The Calvin Forum" is ook baie mooi: C. de Boer „Moral requisites for peace" (Febr.) en H. J .van

Andel oor „A quest for a Calvinistic philosophy" (Maart). S. du Toit skryf in „Die Kerkblad" (19 Jan. en 9 Febr.) iets mooi oor die tweede helfte van die 20ste eeu. A. C. Bohmer het 'n eerste rangse studie oor gedragsafwykings in „Ons Kleintjie" (Maart) en H. J. Strauss in „Die Kerkbode" (28 Febr., 7 Maart) oor ons kerklike armesorg, en D. F. de Beer ook daar (7 en 21 Maart) oor ons nuwe drankwetsontwerp. P. C. Schoonees het 'n besonder interessante bydrae oor ons woordeboeke in „Die Huisgenoot" (30 Maart) en A. J. Smuts oor hoe 'n toespraak moet gehou word in „Die Brandwag" (2 Maart).

* * *

**SKOOL EN OPVOEDING.** Die grootste en belangrikste gebeurtenis op hierdie terrein waarop byna al ons ruilnommers die aandag vestig, is die selfstandigwording van die P.U.K. vir C.H.O. Ek wys net op „Die Kerkblad" (spesiale nommer, 9 Maart), „Zuid-Afrika" (Maart), „Onderwysblad" (Maart en April), „Die Skoolblad" (Maart), „Die Brandwag" (16 Maart), „Die Huisgenoot" (9 en 16 Maart). A. C. Celliers het in „Die Huisgenoot" (9 Maart) verder 'n besonder belangrike bydrae oor die steun aan en vestiging van ons universiteite terwyl die redaksie reeds op 16 Febr. beredeneer het dat ons vir ons universiteite moet betaal. C.N.O. kom ook weer onder die soeklig: in „Die Kerkblad" (9 Febr.) deur dr. S. J. v.d. Walt en in „Onderwysblad" (Maart) deur I. J. le Roux, „Onderwysblad" (Maart, April), wy ook heelwat aandag aan die nuwe onderwysbeleid in die Transvaal. Die status van en die tekort aan onderwysers is tans 'n brandende vraagstuk: Th. Blok in „Die Skoolblad" (Febr., Maart) en andere in „Die Unie" (Febr.) en in „Onderwysblad" (Maart, April). Th. Blok het dit weereens teen ontgroening in „Ons Kleintjie" (Febr.) J. M. Hattingh het 'n mooi sielkundig-opvoedkundige studie in „Ons Kleintjie": die onfatsoenlike taal van kinders (Maart). M. L. Spies waag hom in „Ons Kleintjie" (Maart) aan die opvoedkunde van Jesus. Vir algemene belang is die bespreking oor die voorgeskrewe boek deur P. H. de V. Uys in „Die Unie" (Febr.) en ook daar (Maart) N. Sieberhagen se „sosiale benadering van die onderwys." C. Murray gee in „Die Kerkbode" (21 Febr.) ons 'n kykie in die lewe van die „Hope-inrigting" vir kreupelkinders, en G. T. van Rooyen skryf in „Ons Kleintjie" (Febr.) ten slotte oor vry onderwys en spaarsaamheid.

J. CHR. COETZEE.